

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENGING & BEWAREA

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG, 3 FEBRUARIE 2015 OM 13:00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 01/2015

1. OPENING EN VERWELKOMING

Des Muller open die vergadering met gebed. Die voorsitter verwelkom almal teenwoordig en in besonder vir Wendy Wiles (Bewarea) en Ann Pretorius (De Lange Uitb). Anton vra almal se mening oor die afgelope vakansieseisoen. Kalie noem dat ons vir die goeie seisoen baie dankbaar moet wees en kan so voortbou vir die toekoms.

Gibo beaam en bedank Munisipale amptenare wat hul uitstekend van hul taak gekwy het. Des spreek ook sy positiewe mening uit en beklemtoon dat dit nie nodig was om die Polisie of die Munisipaliteit te kontak nie. Dank en waardering aan die Munisipaliteit. Len se mening is dat vuurwerke nog steeds 'n groot probleem skeep.

2. PRESENSIELYS EN VERSKONINGS

2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	(Voorsitter)	Tergniet
Mike Wray	(Ondervoorsitter)	Tergniethoogte
Len Rauch		Tergniet
Wendy Wiles		Bewarea
Charl Coetzer		Fraai Uitsig
Des Muller		Riverside
Johan Lotter		Reebok(bo spoor)
Ann Pretorius		De Lange Uitbreiding
Ray Saul		Reebokhoogte
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Frik Nel		Reebok Rif
Johann Muller		Reebok (Onder die Spoor)
Annatjie J van Rensburg	(Sekretaresse)	Eureka Park

2.2 Op uitnodiging

Raadsheer Kalie Smit - Raadslid Wyk 4
Raadslid Gibo Gerber - Raadslid Wyk 5

2.3 Afwesig met verskoning

Lavinia Lunow	Fraai Uitsig
Frans de Graaff	Bou Inspekteur
Lydia Havenga	Bewarea
Rozain Hansen	Munisipaliteit
Charl de Wet	Klein Brakrivier
Pieter Le Roux	Klein Brakrivier
Terry Terblanche	Riverside
Donovan Claassen	Toekoms
Jorrie Jordaan	Suiderkruis

3. LIEF EN LEED

Charl Coetzer word hartlik gelukgewens met sy verjaarsdag.

4. VERKIESING VAN UITVOERENDE KOMITEE – 2015

Rdl Gibo Gerber tree as Verkiesingsbeampte op met die verkiesing van die uitvoerende komitee 2015.

Die Midbrak Belastingbetalersvereniging Komitee vir 2015 is as volg:

Voorsitter:	Anton Dellelijn
Ondervoorsitter:	Des Muller
Sekretaresse/Tesouriere:	Annatjie Janse van Rensburg
Add. Lid:	Mike Wray

Verkiesing word aanvaar en goedgekeur. Gelukwensing aan die nuwe lede.

Die Voorsitter noem dat die werksaamhede van die belastingbetalersvereniging se sukses afhang van goeie spanwerk.

Die volgende vergadering sal deur die Ondervoorsitter gelei sal word.

5. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Die notule van vorige vergadering word deur Kruger de Wet goedgekeur en gesekondeer deur Johann Muller.

6. NUWE SAKE VIR BESPREKING

6.1 **MBBV & B Jaardatums goedkeuring.** Mike noem dat daar 'n versoek was by 'n vorige vergadering om Dinsdae te vergader as gevolg van Terry Terblanche se werksomstandighede. Johan noem dat dit nie noodsaaklik is dat hy die vergadering moet bywoon nie. Terry verteenwoordig nie die SAP nie, maar verteenwoordig as areaverteenwoordiger van Riverside. Len noem dat Terry grondwerk van SAP kan verteenwoordig in sy hoedanigheid as AO. In die algemeen word dit goedgekeur dat indien Terry nie teenwoordig is nie, Boekies of enige lid van die SAP verteenwoordiging van tyd tot tyd op die vergadering geleentheid kry. Die vereniging se jaardatums word goedgekeur.

6.2 **MBBV AJV Terugvoer – Getal bywoning.** Charl stel voor dat meer advertensie dekking vir Algemene vergadering gedoen moet word. Mike en Charl Coetzer sal 2015 se AJV media hanteer. **Vir Aksie: Mike & Charl.**

6.3 **Skoonmaak van erwe – 75 Grysbok.** Staan oor vir volgende vergadering.

6.4 **Groenstrook tussen Eden/Mosselbaai.** Gibo noem dat die Raad 'n 'Ontbossingsbeleid' het wat die saak kan hanteer. Kallie beklemtoon dat foto's en 'n baie goeie motivering voorgelê kan word. Die vergadering versoek dat Buurtweg 'n skrywe namens MBBV en Buurtweg sal rig en hanteer. Voorsitter stel voor dat Johann ook as GPF 'n skrywe rig waar die foto's en motivering gestuur moet word. **Vir Aksie: Len & Johann**

6.5 **Aflewering van Swartsakke/Blousakke.** Die Voorsitter noem dat klagtes ontvang word van huiseienaars wat mede huiseienaars se sakke neem of wat nie afgelewer word nie. Gibo maak dit baie duidelik dat Mosselbaai Munisipaliteit een van min munisipaliteite

is wat die diens vir inwoners lewer. Johann wil graag verneem of meer swartsakke as blousakke gekry kan word. Aangesien die verskaffer op tender is, sal dit nie verander kan word nie. Die MBBV sal 'n skrywe rig en versoek aan munisipaliteit rig. Johann bedank die munisipaliteit vir die uitsonderlike diens. **Vir Aksie: Anton & Annatjie**

6.6 **Langs Toekoms: Agter De Lange Uitbreiding. Nuwe ontwikkelings.**

Die Voorsitter en Ann bring onder die vergadering se aandag dat daar borde opgesit is by die nuwe ontwikkeling. Gibo deel vergadering mee dat aansoeke nie voor Raad verskyn het nie. Die Groenkloof ontwikkeling is deur die Rivierforum behandel. Gibo beklemtoon, al gee die Provinsie toestemming, die grond moet deur die plaaslike owerheid goedgekeur word. Daar is ook 'n kerk (Setfree Ministries) wat besig is om grond skoon te maak. 'n Groot gedeelte naby bestaan uit die ou kreosoot aanleg wat destyds gesluit is. Gibo noem dat behoorlike publieke deelname proses eers gevolg moet word op al drie ontwikkelings se aansoeke.

6.7 **Van Rensburgstraat – Rooipitjie/Rooikrans.** Haal af.

6.8 **Sloot: tussen R102 & Eureka Park.** Die sloot is baie onhigiënies en vuil. Die stormwatersloot sal deur die munisipaliteit ondersoek word. Munisipaliteit het op die 24ste Desember terugvoer gegee dat hulle stormwater afdeling dringende aandag sal gee. **Vir Aksie: Rozain & Annatjie**

6.9 **Kommunikasie met inwoners.** Anton noem dat baie eposse nie deurgaang nie. Hy doen 'n beroep op al die lede om asb eienaars/bure en inwoners te kontak om hulle besonderhede na te gaan. **Vir Aksie: Alle Lede, Annatjie & Anton**

6.10 **Kleinbrakrivier Reëls.** By die Rivierforum sal ernstig aandag aan die reëls gegee moet word. Gibo meld dat daar Provinsiale Regulasie is. Anton verwys na Mnr Van Rooyen se Brief. Anton meld dat die pad na die visvang area uiteindelik geskraap is. Aansoek is gedoen by Provinsie om die pad langs snelweg na waar bote ter water gelaat word, te teer. Regulering van bote en valhek vir toegang word ook beplan. 'n Bootklub word voorgestel. Die voorsitter noem dit weer dat die Blou Vlag status baie besoekers trek en dat riviersport toeneem. Selfs parkering was nie beskikbaar by hoofstrand nie. Johann stel voor dat die Buurtwagte behulpsaam kan wees. **Vir Aksie: Des, Anton & Johann.**

6.11 **Kleinbrakrivier Stasie.** Anton verwys na brief vanaf mnr Hartsenberg ontvang. Die Historiese Stasie is verkoop aan 'n privaat persoon. Klein Brakrivier se eienaars is ontevrede en teken beswaar aan dmv 'n petisie. Gibo beklemtoon dat daar 'n geldige koopkontrak tussen die privaat persoon en Spoorweë is. Kallie stel voor dat die partye om 'n tafel samespreking moet hou met die eienaar. Anton sal aan die Munisipaliteit noem en Renier de Kock nader aangesien hulle die waghonde van Grootbrak Museum en historiese geboue is. **Vir Aksie: Annatjie & Anton.**

6.12 **Suiderkruis.** Voorsitter noem dat Suiderkruis area as 'n proeflopie onder die werksaamhede van die vereniging inskuif, soos versoek deur inwoners. Indien suksesvol, sal dit bekragtig word tydens die AJV. Jorrie Jordaan sal verteenwoordiger wees.

6.13 **Grootbrakrivier Stasie.** Die gronde behoort aan die Ontwikkelaar waarop die 5-6 huisies en 2 erwe staan. Gibo noem die grond is nog nie deur hersonering ingelyf nie en 'n Huiseienaarsvereniging kan nie daar voorgestel word nie. Gibo en Kallie sal opvolg met Stadsbeplanning.

6.14 **Vakansie Seisoen Terugvoer.** Die Voorsitter versoek dat ons deurlopend let op herstel, onderhoud en skoonmaak van munisipale gebied en deurlopend rapporteer. Dit sal die taak van Munisipaliteit aan die einde van die jaar verlig. Kallie meld dat die Diensmoniterings sms nr verander het na **44802**. Frik lig die vergadering in van 'n vakansieganger wat ernstig deur 'n 'boogiebord' in die swemgebied beseer is. Anton stel voor dat Munisipaliteit die lewensredders inlig oor branderplankryers en swemmers in branders se gedrag en optrede moet monitor. Gibo noem dit dat die Munisipaliteit optree as agente om strande te beheer. Kruger stel voor dat die Blou vlag Reëls aangevra word. Mike meld dat toilette by Reebok baie vuil was tydens vakansieseisoen. Skoonmakers moet aangestel word om dit skoon te hou. **Vir Aksie: Annatjie.**

Kallie bespreek die klagte rondom negatiewe kommentaar by GBR Polisie Sektor Forum, na aanleiding van Suiderkruis ontspanningsterrein se verkeersmonitering gedurende die seisoen. Len en Johann beklemtoon dat wetstoepassing toegepas is en die aantuigings is rassities ervaar deur klaers. Anton noem dat die MBBV&B ook verteenwoordig is by die Sektor en verduidelik die agtergrond rondom die rede vir deurlopende wetstoepassing gedurende die vakansieseisoen in die gebied. Die diens is oral in die gebied toegepas en geen individue of groep is bevoordeel of benadeel nie; suiwer wetstoepassing is toegepas. Saak sal reggestel word tydens volgende Sektor vergadering. **Vir Aksie: Kalie & Gibo.**

6.15 **Stormwater Aliwal Noord Straat.** Die eienaar het gekla en MBBV dra geen kennis of inligting nie. Die voorsitter stel voor dat die eienaar direk met Munisipaliteit die saak opneem.

6.16 **Reebok Rif Trust (HEV).** Die Voorsitter het voorgestel dat die groep by MBBV inval. Die Prokureur het laat weet dat hulle tydens hierdie vergadering teenwoordig gaan wees. Tot dusver is daar geen reaksie van hulle nie. Anton noem dat die MBBV&B hul verantwoordelikhede nog steeds soos voorheen gaan voortsit.

7. AANVULLENDE AGENDA

7.1 **Voorgestelde Wyksgrense.** Len en Kallie gee oorsig en samevatting oor geskrewe dokument aan komiteede waar voorgestelde wyke / afgebakende wyke uitgegee word. Kallie se versoek is dat komitee dit indringend nagaan en hul insette gee. Anton vra Kallie om meer inligting vir ons te epos. Dit kan wees dat die wyksindeling nie tot voordeel van wyksbelange is nie. Voorstelle moet gemotiveer word. Raadslede gaan DV Vrydag hul werkswinkel bywoon. **Vir Aksie: Len & Kalie**

7.2 **Kleinbrak oorskreiding van boulyn: Van de Rietstraat 18.** Anton noem dat hulle epos ontvang het en dit aan die Bou Inspekteur sal deurgee. Pieter en Charl moet dit monitor. **Vir Aksie: Frans, Pieter & Charl.**

7.3 **Vermiste Boot.** Des rig navrae oor 'n boot wat aangekoop is vir die gebruik van munisipale doeleindes en nou soek is. Johann rig vraag of die boot geregistreer is, of hy nog bestaan of is hy verkoop. Kallie noem dat die herkoms verkry moet word. **Vir Aksie: Kalie, Des & Anton**

7.4 **Beurtkrag.** Kruger doen navraag of die munisipaliteit eerste sal weet van skedule mbt beurtkrag. Kallie beklemtoon dat Eskom se huissake nie in orde is nie, maar die munisipaliteit se beheer in orde is. Beurtkrag gebeur in 5 minute en is onmoontlik om waarskuwing uit te stuur. Die (>>>>>>>>) vir geysers is in gebruik.

8. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

8.1 **Regsake Item 2 aktiwiteitslys: Tennisbane (Anton & Annatjie).** Nog nie terugvoering van Munisipaliteit ontvang nie. Aktiwiteitslys – Aug 2015

8.2 **MBBV & B Verwelkomings Funksie.** Haal af.

8.3 **MBBV & B Verdienste Sertifikate.** Anton bedank almal vir hul insette.

8.4 **Honde op strande.** Wendy Wiles doen verslag. Anton komplimenteer haar en groep met werksaamhede.

8.5 **MBBV & b Webtuiste.** Anton het Webtuiste opleiding vir Annatjie en Lavinia gereël.

8.6 **Houtrappe Kusweg 5de & 6de laan.** Johann bedank Munisipaliteit vir die herstel van die trappe. Charl doen navraag ivm De Jagerstraat se houtrappe. Johann meld dat trappe van 'n persoon se erf kom. Foto's en skriftelike navraag moet na stadsbeplanning verwys word om op te volg.

9. BYWONING MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS

Kruger de Wet en Ann Pretorius sal op 11 Februarie 2015 bywoon.

10. WYKSKOMITEES – Wyke 4 en 5

Wyk 4 se Wykskomitee vergadering vind later in Februarie plaas. Lede sal terugvoer gee by volgende vergadering.

11. PROJEKTE

11.1 **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering.** Frik noem dat klagtes en versoeke deurlopend hanteer word.

11.2 **Hersiening van Straatname & Kartering van nuwe uitbreidings.** Len verduidelik die projek. Dis 'n baie lang proses. Hulle verwag nog terugvoer vanaf Mnr Eddie Kruger.
Vir aksie: Len & Charl.

11.3 **Skoonmaak van erwe.** Johann rapporteer gereeld aan Munisipaliteit.

11.3.1 **Oop erf tussen Reebok en Superette.** Afgehandel. Verwys na Item 6.4.

11.4 **Rampbestuur.** Des beam dat dit 'n uitstekende Rampbestuurplan is wat Kleinbrak ook insluit. Kruger stem saam dat dit 'n wel deurdagte plan is.

12. FINANSIES

Die Voorsitter gee finansiële verslag deur aan die komitee. Frik noem dat Bewarea rekening 'op hold' is weens die rekening wat nie aktief gebruik word nie. Fondse bly onveranderd. Annatjie bevestig dat daar tydens die AJV R1990 ontvang is vir ledegeld.

13. POLISIËRING /BUURTWAG

Len is bewus van 8 voorvalle en Johann dra oor dat afgelope drie weke baie stil was. Anton noem dat uit die 21 inbrake in die hele Grootbrak area, 11 instap gevalle was. Vensters en deur wat oopstaan.

14. BEWAREA

14.1 **Projekte.** Skilpaaie - Die vergadering stel Borde in areas voor. Wendy en lede sal ander projekte identifiseer.

14.2 **Rivier Forum Kleinbrakrivier.** Des het reeds terugvoer gegee. Afgehandel.

14.3 **Witdoodhaai en Walvis Navorsing.** Haal af.

15. PLAASLIKE SAKE

15.1 De Lange Uitbreiding - (Ann). Geen klagtes en terugvoer.

15.2 Fraai Uitsig - (Charl & Lavinia). Geen klagtes en terugvoer.

15.3 Klein Brakrivier - (Pieter & Charl).

15.3.1 **Blouvlagstatus.** Anton noem dat die afgelope seisoen weer baie vakansiegangers en buitelandse besoekers gelok het. Marknavorsing toon dat agv blouvlagstrande, omliggende besighede se omset verdriedubbel. Kruger dra oor dat die infrastruktuur nie die hoeveelheid motors kan hanteer nie. Anton sal die Munisipaliteit nader vir ondersteuning. **Vir Aksie: Anton & Annatjie**

15.4 Reebok.

15.4.1 Noord van die Spoorlyn - (Johan Lotter). Geen klagtes en terugvoer.

15.4.2 Suid van die Spoorlyn - (Johann Muller). Geen klagtes en terugvoer.

15.5 Reebokhoogte - (Kruger & Ray).

15.5.1 **Koraal Singel 43.** Aparte epos moet na Frans de Graaff gestuur word ivm Koraalsingel 43 vir terugvoer. **Vir Aksie: Annatjie & Frans.**

15.5.2 **Elektriese Kaste.** Elektriese houers moet aandag kry. Kruger wil weet wat die regulasies bepaal. Anton sal aangeleentheid persoonlik met Mnr William Olivier uitklaar. **Vir Aksie: Anton.**

15.5.3 **Onkruidodder in die strate.** Ray vra dat gif weer gespuit word en ons moet verwys na vorige skrywes aan Munisipaliteit. Die grawe wat gebruik word beskadig die teeroppervlaktes. Rozain sal gekontak word om vas te stel of die gif al aangekoop is. **Vir Aksie: Rozain**

15.6 Reebokrif - (Frik). Geen klagtes en terugvoer. Anton noem dat die gebied volgens uitbreidings opgedeel moet word weens die nuwe ontwikkelings.

15.7 Riverside - (Des & Terry). Geen klagtes en terugvoer.

15.8 Tergniet - (Len & Anton). Geen klagtes en terugvoer.

15.9 Tergniethoogte - (Mike). Geen klagtes en terugvoer.

15.10 Toekoms - (Donovan). Anton doen verslag dat dit baie goed gaan. Nuwe straatname is toegeken en beklemtoon die area. Hy lig die lede ook in oor die impak wat straatname volgens die FICA wetgewing speel. Daar was onlangs matrikulante wat nie kon beurse kry agv geen straatname nie. Die saak is deur die Munisipaliteit reggestel.

15.11 Eureka Park - (Annatjie). Pad in Duine weg is tans besig om voltooi te word.

15.12 Suiderkruis – (Jorrie). Geen klagtes en terugvoer.

16. KORRESPONDENSIE

16.1 Epos vanaf Mnr van Rooyen oor Kleinbrakrivier water aktiwiteite.

16.2 Besware teen Kleinbrakrivier stasie.

17. ALGEMEEN

17.1 Anton noem dat boupersele in die area baie slordig vertoon agv bourommel en dat dit die area benadeel. Hy doen 'n beroep dat lede boupersele moet dophou en rapporteer.
Vir Aksie: Alle Lede & Frans.

17.2 Notule se bladsye moet genommer word. **Vir Aksie: Annatjie**

17.3 Anton wens die nuut verkose komitee sterkte toe en nooi die lede uit om hul passie uit te leef.

18. VOLGENDE VERGADERING

Die volgende vergadering vind op 4 Maart 2015 om 13:00 te Reebok Gemeenskapsaal plaas.

Hiermee verdaag die vergadering om 15h30

ANNATJIE JANSE VAN RENSBURG
SEKRETARESSE

GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 02/2015 GEHOU OP 4 MAART 2015 – 13:00

ANTON DELLEMIJN
VOORSITTER